Noordelike Sinode

TAAKSPAN WERKSKEPPING

Verslag

1. Opdrag

Om ‘n model te ontwikkel vir werkskepping binne die konteks van armoede in Suid-Afrika. Die opdrag het oorspronklik gespruit uit ‘n geleentheid wat die Motsepe Stigting geskep het om aansoek te doen vir befondsing vir ‘n werkskeppingsprojek.

2. Taakspanlede

Taakspanleier: Maryke Venter
Taakspanlede: Jurie van Vuuren, Ronél Aylward(CMR), Paul Grobler (Ex Officio)

3. Uitvoering van die opdrag

Die opdrag is gebore uit die vennootskap met die Noordelike Sinode, CMR Noord en UP Enterprises nadat daar ‘n geleentheid was om ‘n voorlegging aan die Motsepe Stigting te maak vir befondsing. ‘n Bedrag van R 460 000 is toegeken in Oktober 2021.

UP Enterprises het ‘n vyfdag-opleiding ontwikkel wat fokus op entrepreneurs wat aan die begin van hul reis staan ten einde hul te bemagtig om hul besighede effektief te bestuur.

Vier groepe is opgelei in die tydperk November 2021 tot Maart 2022. In die proses het 62 studente die kurus suksesvol voltooi en ‘n finale verslag is aan die Motsepe Stigting in Mei 2022 gestuur.

Na die oorspronklike vier groepe afgehandel is, het die Noordelike Sinode in samewerking met CMR Noord en ander vennote nog drie opleidingsgeleenthede tussen 2023 en 2025 aangebied wat verder ongeveer 50 mense bereik het:

- 26 -30 Junie 2023 in Pietersburg in samewerking met CMR Pietersburg en die Ring van Pietersburg.
- 16-20 September in Pretoria in samewerking met CMR Noord se Derdepoort Sentrum van Hoop.
- 7-11 April in Pretoria in samewerking met NG Kerk Monumentpark.

4. Verdere beplanning

CMR Noord sal die moontlikheid ondersoek om die werkskeppingsinisiatief deel te maak van hul fokusareas in die toekoms, met in ag naming van die beskikbaarheid van fondse en personeelkapasiteit.

5. Slotwoord

As taakspanleier was dit ‘n groot voorreg om oor die afgelope 6 jaar deel te kon uitmaak van hierdie projek. Ons as span was bevoorreg om eerstehands in stories te kon deel waar hierdie opleiding ‘n tasbare verskil in meer as 100 mense se lewens gemaak het. Dit is met ‘n diepe dankbaarheid teenoor die Sinode en al die ander vennote en rolspelers wat ons hiermee ons werksaamhede afsluit.